

Graan SA Weeklikse Oliesade Mark Kommentaar

GRAAN SA OLIESADE	DATUM	DATUM		+ - WEEK GELEDE		+ - MAAND GELEDE		+ - JAAR GELEDE	
	2017/10/16	2017/10/13		2017/10/09		2017/09/18		2016/10/17	
	Data	Δ	Δ%	Data	Δ%	Data	Δ%	Data	Δ%
Brent (\$/b)	57.86	1.28	2.3%	56.58	4.3%	55.50	10.0%	52.59	11.5%
US\$: ? ZAR	13.29	-0.106	-0.7%	13.39	-3.0%	13.70	0.9%	13.17	-7.2%
ACBOT 8vm : 12nm*	R 1 841.66	7	0.4%	R 1 834.43	*CBOT Dec sent/skepel +08:00 vandag vs CBOT Mielies Dec +12:00 die vorige dag				
ACBOT 8vm : 12nm*	R 2 143.74	28	1.3%	R 2 115.59	*CBOT Dec sent/skepel +08:00 vandag vs CBOT Koring Dec +12:00 die vorige dag				
ACBOT 8vm : 12nm*	R 4 883.24	-7	-0.1%	R 4 890.46	*CBOT Nov sent/skepel +08:00 vandag vs CBOT Soy Nov +12:00 die vorige dag				
Jongste CBOT pryse tydens oornagverhandeling (Aangeteken tussen 06:00 - 07:00 vm teenoor 12:00 vm die vorige handelingsdag)									
Corn Dec '17	352.00	4.00	1.1%	348.00	1%	350.00	0%	352.00	-10%
Wheat Dec '17	439.00	9.00	2.1%	430.00	-1%	443.00	6%	416.00	-12%
Soybean Nov '17	1000.00	6.00	0.6%	994.00	3%	972.00	7%	937.00	2%
Jongste MTM-pryse (Aangeteken om 12:00 die vorige handelingsdag SPOT = naaste kontrakmaand (Rand/ton)									
SORGHUM Dec '17	2500	-50	-2.0%	2550	-3.8%	2600	-9.1%	2750	NA
WMAZ SPOT	1856	20	1.1%	1836	-0.4%	1863	-0.2%	1859	-45.9%
WMAZ Jul '18	2052	14	0.7%	2038	-0.9%	2071	-1.0%	2072	-26.3%
YMAZ SPOT	1957	2	0.1%	1955	-0.8%	1973	-0.8%	1972	-38.7%
YMAZ Jul '18	2123	-2	-0.1%	2125	-1.3%	2152	-1.7%	2160	-17.8%
SOY 50 SPOT	4745	77	1.6%	4668	0.7%	4710	0.6%	4716	-27.9%
SOY May '18	4965	35	0.7%	4930	-0.1%	4970	-0.4%	4987	-19.3%
SUN SPOT	4558	-160	-3.4%	4718	-4.0%	4750	-5.4%	4818	-28.0%
SUN May '18	4747	-195	-3.9%	4942	-4.4%	4966	-5.8%	5040	-21.6%
WHEAT SPOT	4114	-6	-0.1%	4120	-0.4%	4131	-2.3%	4211	-0.8%
WHEAT Dec '17	4127	10	0.2%	4117	-0.6%	4152	4.2%	3961	-0.3%
OLIESADE	2017/10/13	Bron: Oilworld			2017/10/06	May 2017		June 2015	
Soya-oil, Arg.	772				2%	757	0%	769	14%
Soya-pell, Arg.	325				1%	321	-4%	339	-12%
Soybean, Brazil	415				0%	413	1%	410	1%
USA Runner 40/50	1300				0%	1300	-19%	1600	0%
Sun-oil, Arg.	760				0%	760	1%	755	-5%
Sun-oil, Black Sea	765				-1%	770	2%	750	2%
Sunseed, Black Sea	370				0%	370	-8%	400	-10%
Rapeseed, EU cif	429				0%	427	1%	425	8%
Palm oil Mal, EU	1380				5%	1320	-6%	1470	33%

JONGSTE MARK INLIGTING TOT 23:00 (RSA TYD) SOOS VERKRY VAN VERSKEIE MARKVERSLAE

Sojabone Die sojaboonproduksie vir die seisoen in die VSA word verwag om aansienlik meer te wees as wat die aanvanklike verwagtinge vir die seisoen was, met die droë toestande wat in groot gedeeltes van die land geheers het gedurende die groeiseisoen. Die USDA verwag egter dat die Amerikaanse produksie vir die seisoen groot sal wees en dit word tans op 'n nuwe rekord geskat. In Suid Amerika is daar tans baie onsekerhede rakende die produksie verwagtinge, veral met die ongunstige weerstoestande wat heers in Brasilië en Argentinië wat die twee grootste sojaboon produuserende lande in Suid Amerika is. Hierdie ongunstige weerstoestande wat in hierdie lande heers, strek vanaf te droë toestande in Brasilië tot en met oornat toestande in Argentinië. In albei lande het dit 'n negatiewe impak op die tempo van die aanplantings wat daar plaasvind wat die produksie ook negatief kan beïnvloed. Die weerstoestande in Suid Amerika sal 'n groot invloed op die pryse hê die komende seisoen met 'n groot gedeelte van die wêreld produksie wat uit Suid Amerika kom kan laer produksies daar die internasionale sojaboon voorraad vroeg in 2018 aan die lae kant plaas. Daar is tans rekord vlakke van ou seisoen sojabone beskikbaar in Suid Amerika en dit plaas die Amerikaanse uitvoere onder druk en die Amerikaanse uitvoere vir die seisoen kan moontlik effens laer wees wat as wat die USDA tans voorspel. Dit kan die VSA met groter oordrag voorraad laat vir die seisoen as wat tans verwag word. **Plaaslik:** Die plaaslike sojaboonmark het verlede week gemeng verhandel en het aanvanklik in die week onder druk gekom, maar het weer sterker verhandel nader aan die einde van die week en het net effens laer afgesluit Vrydag as die vlakke waarteen die mark Maandag geopen het.

Sonneblomsaad: Die wêreld sonneblomsaad produksie vir die seisoen word verwag om ongeveer 1.3 miljoen ton laer te wees as die vorige skatting en word nou op 48.4 miljoen ton geskat vir die seisoen. Alhoewel die produksie vir die seisoen laer geskat is as verlede jaar se produksie, is dit steeds die 2de hoogste wêreld produksie van alle tye. Die produksie wat laer geskat is sal ook 'n impak hê op die verwagte produksie en uitvoer voorraad van sonneblom meel en olie. Daar is steeds heelwat onsekerhede rakende werklike grootte van die produksie vir die seisoen, maar dit lyk al hoe meer waarskynlik dat die produksie in veral die CIS lande laer behoort te wees as wat die vorige verwagtinge was. Met die stroopproses in Rusland wat voortduur, is die opbrengste wat daar gerapporteer word aansienlik laer as wat aanvanklik verwag was en daarom is die produksieskatting in Rusland ook laer aangepas. In die Oekraïne is die opbrengste wat gerapporteer word ook laer as die aanvanklike verwagtinge en die produksie vir die seisoen is ook laer aangepas vanaf die vorige skatting. Die Argentynse produksie vir die seisoen was onveranderd gelaat vir eers vanaf die vorige skatting, maar die produksie kan laer aangepas word indien die volle intensies om te plant nie aangeplant kan word nie as gevolg van oornat toestande wat heers in die sentrale gedeeltes van Argentinië. In die EU word die sonneblomsaad produksie vir die seisoen verwag om hoër te wees met beter produksies wat hoofsaaklik in Frankryk en Spanje verwag word. **Plaaslik:** Die plaaslike sonneblommark was hoofsaaklik onder druk gewees verlede week en die mark het laer verhandel vir die week om Vrydag die week aansienlik laer af te sluit as waarteen die Maandag geopen het.

Canola: Die stroopproses van canola in Kanada vorder goed en in die grootste produksiegebied is die stroopproses ongeveer 92% voltooi teenoor die 77% voltooi wat dieselfde tyd verlede seisoen gerapporteer was. Daar word 'n ongewone wye reeks opbrengste van canola in Kanada gerapporteer vir die seisoen met sekere gedeeltes wat deur die droogte geteister is gedurende die seisoen wat se opbrengste ongeveer 35 – 40% laer is as die opbrengste wat in die noordelike gedeeltes van die land verkry was. Die amptelike Kanadese skatting vir die seisoen staan op 19.71 miljoen ton wat slegs marginaal laer is as verlede jaar se produksie. Die eindvoorraad van die vorige seisoen wat aansienlik laer is plaas ook druk op die huidige seisoen se beskikbare voorraad in Kanada vir uitvoer en verwerkingsdoeleindes. **Plaaslik:** Daar is tans nog heelwat onsekerhede rakende die plaaslike produksie van canola met die weer wat meestal ongunstig was gedurende die groeiseisoen in die Weskaap. Volgens die NOK se 2de produksie skatting vir die seisoen word die canola produksie op 100 800 ton geskat vir die seisoen. Die stroopproses van canola sal in sekere gedeeltes van die Weskaap eersdaags begin wat 'n goeie aanduiding sal wees van die opbrengste wat werklik verkry word.

Grondbone: Die gedopte grondboonproduksie vir die seisoen in die VSA word verwag om 'n rekordvlak van 2.65 miljoen ton te bereik wat ongeveer 39% hoër sal wees as verlede jaar se produksie. Die groter verwerkings kapasiteit in die VSA sal die moontlikheid van hoër verwerkings van grondbone vir olie en meel ondersteun wat sal lei na meer uitvoere daarvan vanuit die VSA. Die grondboon produksie in China vir die seisoen word ook verwag om aansienlik toe te neem wat China se invoer behoeftes vir die seisoen sal verlaag. In Indië behoort die grondboon produksie vir die seisoen effens laer te wees, maar die algehele wêreld produksie van grondbone word verwag om hoër te wees vir die seisoen. **Plaaslik:** In die NOK se finale produksieskatting van somergewasse vir die seisoen was die grondboon produksie vir die seisoen ongeveer 1.66% hoër geskat en die produksie word nou op 92 050 ton geskat vir die seisoen. Dit is belangrik vir produsente wat wil grondbone plant om in ag te neem dat die verbruik daarvan in SA redelik beperk is en dat produsente vorseisoen kontrakte ernstig moet oorweeg as hulle dit vir die komende seisoen wil aanplant.

Vir enige navrae, kontak asb: Luan van der Walt, E-pos: luan@grainsa.co.za